Tema: Leef jou geloof uit in ‘n persoonlike verhouding met God.

Vooraf sang
Lied 334: 1,2,3,4
Lied 530: 1,2,3.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 3 – 4: 1,5
Votum
Seën
Lofsang Ps. 18 – 1: 1,20

Woorddiens
Gebed
Skriflesing Markus 12: 28 - 34
Teks: Markus 12: 33 en 34
Woordbediening.

Antwoorddiens
Sing Ps. 116 – 1: 1,9
Liefdegawes
Gebed
Sing Lied 292: 1
Seën
Amen Sb 13 -2.

Geliefde broeders en susters en kinders

Verlede Sondag het ek in die Woordbediening verwys na iemand se opmerking dat daar ‘n verskil kan wees om na jouself as ‘n Christen/gelowige te verwys en om in ‘n persoonlike verhouding met God te staan. ‘n Lidmaat het gevra dat ons hierdie verskil moet verduidelik.

Natuurlik behoort daar geen verskil tussen die 2 sake te wees nie want ‘n gelowige behoort iemand te wees wat in ‘n persoonlike verhouding met God leef. Dit behoort nie twee sake te wees nie en tog is die realiteit dat dit in sommige gevalle wel gebeur.

Ons kan die onderskeiding nog verder trek. Geloof veronderstel ‘n verhouding tussen twee partye naamlik tussen God en die mens. En tog kan hierdie verhouding formalisties van aard wees. Met ander woorde dat iemand se verhouding met God bv in die kerk as instituut of organisasie geleë kan wees. Vir so ‘n “Christen” is dit dus belangrik om net aan die kerk te behoort want godsdiens is vir hom gelyk aan die kerk. Ons vind hierdie gedagte oor geloof baie sterk by die Rooms Katolieke kerk. Hulle glo dat die doop ‘n mens salig maak. Solank jy dus gedoop is en lidmaat van die kerk is, is jou saak met God reg. Of jy nou met persoonlike aanspreeklikheid voor God leef is ‘n ander saak.

So kan iemand anders se geloof weer vir hom of haar realiseer in kennis van God. Solank ek God met my verstand ken en sorg dat ek die regte Bybelse kennis en kerklike dogma handhaaf dan is dit waaruit die verhouding met God bestaan. Ons sal later sien hoe dit ook in hierdie gedeelte na vore kom en die Here Jesus het so ‘n geloof ook afgewys.

Daarteenoor het ons verlede Sondag in die prediking aangedui dat geloof ‘n persoonlike keuse vir en aanvaarding van Christus behels en dat jy met persoonlike aanspreeklikheid voor God leef. Dat jy daagliks besef dat jy in verhouding met die Here leef en dat hierdie verhouding met God jou lewe daadwerklik verander.

Die Here Jesus spreek ook hierdie sake aan in ons teksverse met die boodskap: geloof is ‘n persoonlike liefdesverhouding tussen jou en God.

Hier dring die Here tot die kern van ons probleemstelling deur en bring drie belangrike sake na vore:
1. Die Here leer ons dat daar nie noodwendig die korrekte verband tussen dogma en geloof as verhouding is nie. Dat ons Hom reg kan ken maar nie noodwendig reg dien nie.
2. Daarom leer die Here Jesus ons hier in die tweede plek dat liefde as persoonlike verhouding die enigste regte grondslag vir ons geloof is en
3. stel ons daarmee in die derde plek voor die ernstige selfondersoek: Is ek IN die Koninkryk van God of is ek dalk soos hierdie Skrifgeleerde net NABY aan die Koninkryk.

Geloofsbelydenisse of dogma is geen nuwe saak in die kerk van die Here nie. Reeds in Deut. 6: 4 kry ons een van die vroegste belydenisse wat gelowiges

gebruik het. Daar staan: " Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here". En dwarsdeur die hele Bybel het God Hom so aan ons geopenbaar: So ken en bely die gelowiges die Here al van die vroegste eeue af. 'n Mens sou kon sê dat ons Gereformeerde kerke se belydenisskrifte of dogma op hierdie openbaring gebou is.

En tog sou 'n mens wou vra: wat is die belangrikste van alles wat ons in glo? Dit is wat hierdie Skrifgeleerde vir Jesus kom vra: Wat is die grootse gebod van almal? En dan gee die Here hom 'n kort samevatting van die wet:

" Die eerste is: Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here en jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou kragte. Die die tweede is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as die twee nie".

Die Skrifgeleerdes en die Fariseers het baie geworstel met die wette van die Ou Testament. Hulle het geglo dat presiese en volkome uitvoering van die wet hulle in die hemel sou bring. En om te sorg dat hulle die wet so presies kan nakom het hulle 'n klomp bykomend reëls gaan maak. Daar was reëls vir elke ding in hulle lewe. Want hulle het gevoel dat as daar nie reëls is nie, dan kan jy dalk net die wet oortree.

Met ander woorde: hulle verhouding met God het gelê in die presiese nakoming van reëls. Reëls het hulle lewe met God gereël. Die reëls het die verhouding bepaal. **En Jesus het dit telkens afgewys. Daarom antwoord Hy hulle op hierdie wyse.** Hy sonder nie 'n reël uit nie – maar wys op die liefdesverhouding wat tussen jou en God moet wees.

Maar nou moet ons mooi verstaan: Alhoewel die Skrifgeleerde nie Jesus se antwoord verwag het nie, was sy woorde vir die Jode geen onbekende woorde nie. Inteendeel, hulle het dit baie goed geken. Hierdie woord het deel gevorm van <u>die Sjema-belydenis</u>. 'n Verpligte daaglikse belydenis wat elke Joodse man twee keer op 'n dag moes opsê. Meer nog: dit was ook die geloofsbelydenis wat hulle in hulle eredienste gebruik het. Hulle het dus baie goed geweet waarvan Jesus praat.

Hulle het hierdie belydenis geken en dit was suiwer en reg. Hulle het God as die enigste ware God geken en dit selfs twee keer per dag en elke Sabbat bely. **Maar hulle het die Here nie reg gedien nie.** <u>Wat Jesus dus eintlik met hierdie antwoord vir hulle wou sê was dit: Doen tog net wat julle drie keer per dag bely!! Moet nie net hierdie belydenis ken en resiteer nie, LEEF DIT UIT!!</u>

Brs. en srs. Christus stel ons met hierdie ingrypende antwoord ook voor 'n gewetensvraag: Dien ons God reg? Kom ons in ons geloof uit by die ware wese en betekenis van die wet? Ons het 'n pragtige en suiwer belydenis as Geref kerke. Ons kerkmense ken hierdie belydenis dikwels op die punte van ons vingers en ons is uitnemend daarmee om foute in ander mense se geloof uit te wys.

MAAR, leef ons hierdie pragtige belydenis reg uit? Kom ons geloof tot dade? ‘n Belydenis wat bv. sê die kerk moet uitgaan in die wêreld en die Woord verkondig? Doen ons dit? ‘n Belydenis wat sê: die kerk moet altyd reformeer en tog bly ons vasgeval in formalisme en strukturalisme.

Vir die kinders se onthalwe: “formalisme” beteken dat ‘n mens jou geloof op uiterlike vorme bou. So kan iemand elke Sondag kerk toe kom, maar hy kom nie om die Here te dien nie. Dit was net belangrik om in die kerk te wees.
Of dat ek elke dag my Bybel lees en bid – maar ek leef nie wat ek lees en bid nie. Ek troos my daaraan dat ek gehoorsaam was om te lees en te bid – maar ek leef ongehoorsaam.

“Strukturalisme” beteken dat ons baie dinge organiseer: ons het eredienste, katkisasie, kerklike vergaderings, kommissies en komitees en wat nie alles nie: maar tog leef en groei die kerk nie.

Die Here Jesus se antwoord help ons in die tweede plek om by die ware wese en kern van ons geloof uit te kom. Die Here gee in hierdie gedeelte die enigste grondslag vir die beoefening van ons geloof en dit is LIEFDE. Die liefde as wedersydse verhouding tussen jou en God is die enigste regte wyse waarop ons God werklik kan ken en kan dien soos Hy dit wil hê. Met opregte liefde word jou geloofsbelydenis deel van jouself. Dan is die nie net meer woorde nie, maar word dit dade wat elke dag sigbaar word in jou lewe.

Daarom sê Jesus: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou siel en met jou hele verstand en met al jou krag en jy moet jou naaste liefhê soos jou self.
Br. en sr. geloof is dus ‘n liefdesverhouding tussen jou en God. Ons geloof moet op liefde gebou wees. En daarom moet ons onsself in enige situasie afvra: Tree ek hier op met liefde vir God in my hart teenoor God en teenoor my naaste? Dit moet telkens die maatstaf in jou lewe wees!
.
Of dit in ‘n werksituasie is, of by jou huis, of jy oor kerklike betrokkenheid moet besluit - as dit ‘n keuse kan wees - of wat ook al: vra dan: Gaan hierdie besluit of hierdie optrede of woorde my liefde vir God en my naaste openbaar?

En wanneer ‘n mens in so ‘n liefdes verhouding met God en jou naaste leef – **dan verander dit jou lewe – dan word jou geloof dade soos Jakobus ook in sy brief sê.** Geloof moet jou lewensdade verander – anders is dit ‘n dooie geloof! Dan is jy ‘n “ Christen” wat nie in verhouding met God leef nie.

Hoor net hoe reguit openbaar die Here hierdie moontlikheid in ons teks. Die Here sny hierdie Skrifgeleerde se hart oop: dit wat in die kern van sy geloof lê. In vers 30 sê die Here vir hom en luister mooi na die woorde: “en jy moet die Here jou God liefhê met JOU hele hart en met JOU hele siel en met JOU hele verstand en met al JOU kragte.”
Hiermee sê die Here: Jou totale menswees is betrokke in jou diens aan God!! Alles wat jy is en het – dit is wat ons bedoel met ‘n “persoonlike” verhouding met God. Dat jy God persoonlik liefhêt en na Hom luister.

Maar luister nou hoe antwoord die Skrifgeleerde. Hy herhaal wat Jesus sê maar die persoonlike element ontbreek in sy antwoord. Die 1933/53 vertaling sê dit mooier as die 1983 vertaling. Hy antwoord in vers 33:" en om Hom lief te hê uit **DIE** hele harte en uit **DIE** hele siel en uit **DIE** hele krag en om jou naaste lief te hê soos jouself is meer as al die brandoffers en die slagoffers."

Hoor jy? Sy geloof was nie 'n persoonlike verhouding met God nie. Dit was verstandskennis. Dit het nie uit sy hart gekom nie. Hierdie Skrifgeleerde het wel begryp dat die liefde meer is as uiterlike, formele godsdiens, daarom voeg hy by: " Dit alles is meer as al die brandoffers en slagoffers." Hy wou dus uittree uit die kring van formalisme waarin hulle geleef het, maar ongelukkig nog net met sy verstand en nie met sy hart nie.

Daarom sê Jesus vir hom in vers 34 hierdie aangrypende woorde: "Jy is nie ver van die Koninkryk van God af nie."

Hiermee brs. en srs. vermaan die Here ook ons: kyk diep in jou eie hart of jou geloof op die regte fondament gebou word. Staan jy nie dalk in 'n verhouding met God deur die kerk nie, of deur kennis nie, of deur wettiese godsdiens waarin jy glo jy moet nog iets bydrae vir jou saligheid nie?

Ondersoek jou eie hart en toets of jou belydenis meer is as net woorde. Waar staan jy? Hoe lief het jy die Here en hoe lief het jy jou naaste? Wat is die diepste dryfveer vir al jou geloofsoptrede?

Maar daarmee sê die Here ook vir die Skrifgeleerde en vir ons en dit is ook die genadeverkondiging: **Ek, is die weg na die Koninkryk, wie na my toe kom sal deel aan die feesmaal van die Koninkryk.** As jy in hierdie selfondersoek vasgryp aan God se liefde vir jou waarmee Christus jou toegang tot die hemel geword het, dan begin jy leef uit daardieselfde liefde van God.

En dan kom jy ook by die kern van jou geloof: die liefdesverhouding tussen jou en God. Dan kan daar nie 'n verskil wees tussen Christen en iemand wat in 'n persoonlike verhouding met God leef nie. Dan is jy 'n Christen wat in persoonlike verhouding met God leef.

Amen.